

Ds. Jan Lion Cachet as sendingman

HA Louw, Pretoria

ABSTRACT

The reverend Jan Lion Cachet as propagator of missions

The reverend Jan Lion Cachet came from the circle of the Reveille in the Netherlands and had, therefore, a keen interest in missions. In this respect he influenced the young Reformed Churches, especially through his journal De Maandbode, and also through his words during synods and other church meetings. He often preached to blacks and propagated the importance of missions in the white congregations. In his struggle against the reverend S. D. Venter, who opposed missions as propagated by Lion Cachet, his idealistic view of missions from a European background becomes evident. It is also clear from their polemic that Venter was not opposed to missions as such. His view of missions differed from that of Lion Cachet and was in reaction against the tragic consequences of the work of the mission societies, especially as he experienced it in Bethulie.

Ds. Jan Lion Cachet het as predikant, voordat hy professor aan die Teologiese Skool te Burgersdorp geword het, in die jong Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika groot invloed ten opsigte van die sendingssaak uitgeoefen. Aangesien hy afkomstig was uit die kringe van die Reveille in Nederland, waar sendingwerk feitlik dié kenmerk van die ware kerk was, kan mens verstaan dat hy 'n groot voorstander van die sending was (Spoelstra, 1963:235).

SY BELANGSTELLING IN DIE SENDING VOOR SY OORKOMS NA DIE GEREFORMEERDE KERK

Na aanleiding van 'n beroep van dr. Robertson van die Nederduits Gereformeerde Kerk, besluit 'n jong Hollandse onderwyser van Joodse afkoms om na Suid-Afrika te verhuis. Hy gee eers onderwys in Kaapstad en verhuis dan na Natal waar sy broer, ds. Frans Lion Cachet, NG predikant te Ladysmith was. Hy gee agtereenvolgens onderwys in die dorp en later op 'n plaas in die distrik. Terwyl hy onderwyser aan 'n plaaskool aan die voet van die Drakensberg was, het hy 'n besoek aan die sendelinge van die Paryse Sendinggenootskap in Basoetoeland gebring. Hy lê nie net besoek af aan verskillende sendingstasies nie, maar maak ook van die geleentheid gebruik om opperhoof Moshweshwe te besoek (Venter, 1959:39). Sy broer was tewens van gedagte dat Jan in diens van die sending van die Nederduits Gereformeerde Kerk sou tree (Ras, 1981:114).

HY WORD AS BEDIENAAR VAN DIE WOORD OPGELEI

In 1865 neem Cachet 'n beslissende besluit. Na 'n worsteling besluit hy om die groot en invloedryke Nederduits Gereformeerde Kerk te verruil

vir die klein en veragte Gereformeerde Kerke. Sy motief vir die stap was dat die Nederduits Gereformeerde Kerk destyds 'n sterk metodistiese inslag gehad het en hy aangetrokke tot die Calvinisme gevoel het en verlang het na suiwerheid van leer. Daarby kom dat die begeerte by hom wakker geword het om bedienaar van die Woord te word (Ras, 1981:9). Hy wend hom dan tot ds. Dirk Postma, toe predikant van die Gereformeerde Kerk Rustenburg, met die versoek om as predikant opgelei te word (Van der Vyver, 1969:119). Hoewel ds. Frans Lion Cachet nie heeltemal met die stap van sy broer kon genoeë neem nie, het hy en ds. Huet hom by Postma aanbeveel en vir onkoste ingestaan. Hy was uitnemend geskik om Hebreeus en klassieke tale te gee en iemand wat buite eie geleidere 'n goeie indruk gemaak het (Spoelstra, 1963:223). Cachet het sy studie onder leiding van ds. Postma saam met twee ander studente, N.J.R. Swart en M.P.A. Coetsee (sr), voltooi (Ras, 1981:12). Op 27 Julie 1868 word hy as predikant van Rustenburg bevestig en bedien daarna Burgersdorp, Philipstown en Steynsburg, waarna hy 'n beroep as professor aan die Teologiese Skool aanvaar (Van der Vyver, 1969:119).

CACHET SE SENDINGBEGRIP

Die oorkoms van Jan Lion Cachet na die Gereformeerde Kerke plaas 'n definitiewe aksent op die sending. Pas nadat hy predikant te Rustenburg geword het, noem die Algemene Vergadering van die ZAR die moontlikheid aan die Nederduits Gereformeerde Kerk dat die twee kerke ten opsigte van die sending kan saamwerk. Cachet openbaar simpatie met die destydse Revival-beweging wanneer hy die geestelike doodsheid van die kerk wil ophef en sendingwerk as 'n teken van lewe beskou. Hy het natuurlik 'n hele ontwikkeling in Suid-Afrika deurloop. Mens moet egter aanneem dat hy omstreeks 1870 nog sterk in terme van die Reveille-piétisme en heersende sendingbenadering gedink het. Hy sê aan J.J. Venter: "De ware kerk is philanthropisch, want hare Stichter, de Here Jesus Christus, is de ware Philanthroop." Hy wys op die vreugde indien 'n mens diensbaar kan wees om 'ongelukkige zwarten' vir die koninkryk van God te win. Cachet onderskei nêrens sy sendingbegrip van die sendingaanslag van die 19^e eeu nie. Vir hom staan dit eenvoudig vas dat die kerk sending moet doen (Spoelstra, s.j.:172-173).

Al was Cachet by sy koms in Suid-Afrika 'n Reveille-figuur, het hy groot invloed van sy skoonvader en leermeester, prof. D. Postma, ondergaan. Soos sy boek "Sewe duiwels en wat hulle gedoen het", toon, het hy die Afrikaner tydens sy bediening as predikant leer ken en waardeer. Sy medewerking aan die Patriot-beweging toon ook dat hy hom ten volle met hulle geïdentifiseer het. Ook hulle siening van die sending en die uitlandse sendelinge het hy leer ken. 'n Mens kan aanneem dat daar ook van hulle 'n stille invloed op hom uitgegaan het. Die beginsels wat Cachet in sy latere lewe voorgestaan het, blyk onder andere duidelik uit sy rede by geleenheid van die herdenking van die twintigste bestaansjaar van die Teologiese Skool op 30 November 1889 (Venter, 1959:41). Op grond van hierdie rede geneem, is dit duidelik dat hy deur die jare wegbeweeg het van sy aanvanklike Reveille-beskouinge en 'n goeie Calvinis geword het. Dit sou sonder twyfel ook vir sy sendingbegrip geld,

al het hy hom nooit openlik van die sendingbeskouinge van die Revivalbeweging losgemaak nie. Die teenoorgestelde geld ook, naamlik dat hy hom in sy latere jare nooit weer daarmee vereenselwig het nie. Dit sou egter niks verander aan sy toewyding aan die sendingsaak nie.

HY BEDIEN DIE WOORD AAN GEKLEURDES

Die sinode van 1869 besluit dat 'n Teologiese Skool te Burgersdorp opgerig moet word. Ds. D. Postma word tot eerste dosent aan die Skool benoem en ds. J.L. Cachet tot tweede dosent (Van der Vyver, 1958: 378-379). Hier sou die twee Nederlandse dominees vir die volgende ongeveer 6 jaar, tot ds. Cachet 'n beroep na Philipstown aanvaar, hartlik saamwerk en ook veel doen om die sending te bevorder. Dit doen hulle deels om hulle te verantwoord aan die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland, deels as gevolg van kritiek uit die Nederduits Gereformeerde kringe en deels as gevolg van die feit dat hulle kinders uit die geestelike klimaat van die 19e eeuse Europa was. Hulle het immers op sterkte van 'n bepaalde drang en siening na Suid-Afrika gekom (Spoelstra, s.j.: 173).

In Burgersdorp trek Cachet hom die belang van die plaaslike sendingwerk aan en verleen daarmee hulp, wat miskien die heel eerste teken is van plaaslike sendingwerk soos deur die kerkorde verlang word (Venter, 1959: 40). In die Almanak van 1873 teken ds. Postma aan: "Zoover het bericht tot ons gekomen is wordt onder de heidenen gearbeid door Zondags éénmaal in de gevangenis het Woord te verkondigen, waar de gevangen bestaan uit heidenen, alzoo ook te Colesberg éénmaal in de maand." (JP in Die Kerkalmanak, 1929: 133.) Hierdie gebruik is deur andere, soos die senior teologiese studente, voortgesit.

In Philipstown het ds. A.J.J. de Klerk Coetsee ook die gebruik ingevoer, want in die Kerkalmanak van 1873 sê ds. D. Postma: "Doch te Philipstown houdt nu de leraar alle Zondagsavonden geregeld godsdienst voor de kleurlingen." Ds. Cachet, wat ds. Coetsee in Philipstown opgevolg het, het hierdie gebruik voortgesit. Aan die Algemene Vergadering kon gereeld gerapporteer word: "De leraar houdt nu en dan wanneer de gelegenheid dit toelaat godsdienst voor de Kleurlingen."

Gedurende ds. Cachet se bediening in Steynsburg, toon die notules niks meer oor die sendingwerk as dat 'n erf aan die Wesleyaanse Kerk vir die oprigting van 'n kerkgebou geskenk is nie (Ras, 1981: 124).

Oor sy betrokkenheid by dienste vir gekleurdes, sê ds. Cachet self die volgende: "Toen ik van 1869 tot 1875 Docent en Predikant te Burgersdorp was, werd ik dikwijs in de gelegenheid gesteld Godsdienstoefening voor de gekleurden te houden, eene taak dié mij bijzonder aangenaam was. Toen ter tijd bestond er te Burgersdorp eene gekleurde gemeente tot de Wesleyaanse Kerk behorende zonder Leraar. Daarom nam ik de dienst geregeld waar of liet dien door een der gevorderde Studenten waarnemen." (De Maandbode, April, 1893.)

CACHET OP KERKLIKE VERGADERINGS OOR DIE SENDING

Op die sinode van 1869 te Potchefstroom het die afgevaardigdes van Pretoria gevra dat die vergadering hom uitspreek oor gelykstelling van die

gekleurde bevolking van die land met die blankes op kerklike gebied (Jooste, 1958:323). Hierteenoor het ds. Cachet, na nog geen twee jaar in die bediening, op dieselfde sinode die vraag te berde gebring wat die Gereformeerde Kerke vir die sendingsaak kan doen. Om hierdie vraag te beantwoord, sou beteken die sinode, wat duidelik getoon het dat hy die weg van Gods Woord ken, nou ook moes toon dat hy bereid is om daardie weg te bewandel (Jooste, 1958:324). Hierdie vraag het daar toe gelei dat die sendingsaak op die tafels van al drie die Algemene Vergaderings gekom het, omdat hulle weer aan die sinode van 1873 moes terugrapporteer. Sodoende kon die sinode werklike gegewens op sy tafel hê om aan aandag te gee. Dit lei daar toe dat die Algemene Vergadering van die Kaap Kolonie, gehou te Philipstown op 16 Mei 1870, 'n breedvoerige besluit insake die sendingtaak van die kerk neem en laat druk en versprei. Nadat die besluit geneem is, het die voorsitter ds. Cachet gevra om 'n gebed te doen. Terwyl almal opgestaan het, het hy alleen eerbiedig gekniel en die Here gedank vir die seen en genade wat aan die huis van sy vader betoon is (Ras, 1981:115). Hieruit blyk ook dat, omdat hy die seun van bekeerde Jode was, hy sendingwerk as dié taak by uitnemendheid van die kerk gesien het.

Die klaarblyklike bedoeling van Cachet (en ook Postma) met hierdie stuk was om die sendingtaak van die kerk te propageer (De Maandbode, Des. 1877). Dit het ook die kerkrade in die Vrystaat bereik. Br. P.J. Venter, 'n broer van J.J. Venter, en ds. S.D. Venter, se reaksie was: "Tog jammer dat dit nie die regte naam gekry het nie, naamlik die herderlike brief van Philipstown, want dit het daar veel van 'n smaak en kleur." (Jooste, 1958:169.) Dit het inderdaad assosiasies met die Herderlike Brief van 1841 opgeroep. Nietemin het Cachet daarin geslaag om die sendingsaak op die tafels van sowel die Algemene Vergaderings as die kerkrade te kry.

Die sinode van 1873 het ook 'n ander besluit ten opsigte van die sending geneem. Aangesien die geringe aantal klein gemeentes oor 'n wye gebied verspreid was, was dit vanwee die tekort aan predikante nog nie prakties moontlik om kerkvisitasie te hou, soos deur die kerkorde vereis nie. Daarom is 'n vraelys onder artikel 41 KO deur die sinode opgestel, wat deur kerkrade jaarliks op die Algemene Vergaderings beantwoord moes word. Ds. Cachet het toe voorgestel dat ook gevra moes word: "Wat wordt er in Uwe gemeente gedaan voor de uitbreiding van Gods Koninkrijk?" (Handelinge 1873, art. 161.) Alhoewel die vraag ingesluit is, het enkele ouderlinge gevra om in die minderheid genootleer te word. Hier merk mens weer die versiendheid van Cachet. Die kerkrade word as 't ware gedwing om oor die sending verslag te doen. Hierdie vraag word vandag nog gestel, veral by visitasie, en die invloed daarvan is steeds ontegenslik groot.

DIE OPRIGTING VAN DE MAANDBODE

Die oprigting van De Maandbode, waarvan die eerste uitgawe in April 1873 verskyn het, was 'n eie onderneming van ds. Cachet. Prof. B. Spoelstra (1963:247) is van mening dat hy die tydskrif begin het met die ver- naamste doel om die sending te dien.

Voortdurend verskyn daarin stukke oor die sending, ook stukkies om by kinders belangstelling in die sending te kweek, soos in die uitgawe van 1 Maart 1876 "De Kleine Menschenvischer". Verder ook "Nieuws uit het Zendingveld" (Maart 1875) – 'n aanhaling uit 'n brief van "Een Zendeling uit de heidenwereld". In die uitgawe van 1 Augustus 1878 is daar 'n verslag oor 'n "Zendingsdag" te Zwolle wat deur 50 predikante en 100 kerkraadslede van die Christelijk Gereformeerde Kerken bygewoon is. Daar is ook heelwat uit "De Bazuin" aangehaal oor die werk van die sendeling E. Haan te Batavië (April 1878). In die uitgawe van 1 Oktober 1879 verskyn 'n stuk oorgeneem uit "De Vredesbond" oor "Doctor Maarten Luther als Zendingprediker".

Ds. Cachet skryf ook in De Maandbode oor die sending. 'n Voorbeeld hiervan is 'n treffende Skrifoordekening onder die titel "Dwingt ze in te komen" (Okt. 1874). Hy skryf onder andere: " 'Dwingt ze in te komen' dit is het bevel dat Jezus zijne kerk heeft nagelaten, en niet alleen hen, die uw volksgenoten zijn, die met u tot eene familie behooren, die dezelfde kleur hebben, maar allen . . . Elke kerk moet doordrongen wezen van het diep besef harer verplichting, en vooral wij, die in het midden der Heidenen wonen. Terwyl van andere landen met groote kosten evangelieboden tot de heidenen gezonden worden, kunnen wij in onze omgewing werken, wij kunnen zo veel doen . . . Mijn broeder gaan het u niet aan, dat zoo velen die in uw huis in en uitgaan zonder eenige kennis zijn van het Evangelie, gaan het u niet aan, dat zij wegsterven zonder Jezus, terwyl gij u verlustigd in de volle schatten der Evangeliebediening."

Daar word ook in De Maandbode oor die sending gekorrespondeer. Ouderling S.A.J. Potgieter wil weet wat die oorsaak is dat die Gereformeerde Kerke nog nie 'n aanvang met sendingwerk geneem het nie. (De Maandbode, Des. 1893), waarop diaken H.B. Coetsee dit as sy "beschouwing moeten aanmerken dat het alleen menschlike zwakheid is die zulks veroorzaakt" (De Maandbode, April 1894).

Die invloed van De Maandbode in dié opsig was ongetwyfeld aan ds. Cachet se versiendheid te danke.

HY PREEK OOR DIE SENDING

Toe ds. L.J. du Plessis te Colesberg bevestig is, nadat hy vir sewe jaar en ses maande predikant van Rustenburg was, is die rede deur ds. Cachet as konsulent gelewer. As teks neem hy Matteus 28 : 19 en beklemtoon dat die verkondiging van die evangelie aan alle volke 'n bevel van die Here is (De Maandbode, Junie 1880).

Ds. Cachet het dus geen geleentheid laat verbygaan om die saak van die sending te bevorder nie.

DS. CACHET VERDEDIG DIE SAAK VAN DIE SENDING

Die bekende J.J. Venter van Bethulie trek in De Maandbode (Jan. 1875) teen ds. Cachet te velde omdat hy in die uitgawe van Oktober 1874 sy teleurstelling uitgespreek het oor 'n opmerking wat oudl. G.A. Coetzee op die Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat gemaak het. Volgens artikel 41 KO het die volgende vraag ter tafel gekom: wat word in u

gemeente gedoen vir die uitbreiding van Gods koninkryk? Hierop het
br.

Coet-

zee geantwoord dat hy aan die gekleurdes niks wil doen nie. Cachet se kommentaar was: "Welk een dwaling is het aan te nemen, dat een kerk kan bestaan en door God gezegend worden, die niet arbeidt aan de heidenen in wier midden zij leeft." Hy wys voorts ook die gedagte af dat die swartmense die nageslag van Gam is. Hy verwys na Johannes 2 : 2, naamlik dat Christus 'n versoening was vir die sonde van die hele wêreld. So is daar uitverkorenes uit alle geslagte, ook uit die nasate van Kanaän, die seun van Gam.

Hierteen kom J.J. Venter in verset. Hy sien dit as eensydige toepassing van die Woord van God. Matteus 7 : 6 moet ook in ag geneem word ("Moenie wat heilig is vir die honde gooï nie – hulle sal oproeping en julle verskeur; en moenie julle pêrels voor die varke gooï nie – hulle sal dit met hulle pote vertrap"). In Bethulie waar die Paryse Sendinggenootskap 'n sendingstasie gehad het, het Venter eerstehandse kennis van die tragiese gevolge van die oppervlakkige sendingwerk van sommige genootskappe opgedoen. Hy meld dat hy self gesien het dat as die diens begin, is almal vrolik en wakker. Sodra die preek begin, val hulle aan die slaap. Dan loop een met 'n stok in die kerk rond om hulle wakker te maak. As die preek verby is, is almal weer wakker en vrolik. Hy het ook gesien as die Swartes nagmaal vier, die leraar die beker moet vashou sodat een persoon dit nie alleen leeg drink nie, en dit is nie ongeleerde nie, maar geleerde wat dit doen.

In 'n byvoegsel tot die Maandbode van Februarie 1875, weerlê Cachet die argumente van Venter, ook die beroep op Genesis 9 : 25 dat die vloek oor Kanaän opgevat moet word as van toepassing op die swartmense. Ten slotte haal hy Openbaringe 7 : 9 aan, waar sprake is van die skare uit alle nasies en geslagte, volke en tale wat voor die troon van die Lam staan.

Dit moet aanvaar word dat J.J. Venter nie anti-sending was nie, maar dat hy die sending anders bején het as Postma en Cachet (Spoelstra, s.j.:183). Ons het in hierdie polemiek te doen met die verskil in siening van die sending tussen die destydse Boer en Europeer. Cachet is die sendingentoesias wat met alle mag wil hê dat daar sending gedoen moet word. Venter maan tot versigtigheid omdat hy van naderby kennis gehad het van genootskaplike sending. Tog tref dit dat Cachet altyd besadig bly en hom op die Skrif beroep. Sy beskouing van die sending was behoorlik Skriftuurlik gefundeer. Dit blyk ook uit die polemiek met J.J. Venter se broer, ds. S.D. Venter.

Die besluit van die Algemene Vergadering van Philipstown (16 Mei 1870) oor die sendingtaak van die kerk, kom op 'n vergadering van die kerkraad met die gemeente te Burgersdorp ter sprake. Daar is ook leraars en lidmate van ander gemeentes, selfs uit die Oranje-Vrystaat teenwoordig. Nadat ds. D. Postma met 'n breedvoerige rede voorgegaan het en daar heelwat bespreking gevolg het, het ds. Cachet die vergadering daarop gewys dat mens nie moet vra wat sê die teenwoordige of die toekomende nie, maar wat sê die Skrif? Daarop lees hy 'n hele aantal tekste uit die Bybel voor (Ras, 1981:119).

Met die bewilliging van die kerkraad word op voorstel van ds. Cachet ook aan die leraars van ander gemeentes verlof gegee om te praat. Ds. S.D. Venter van Bethulie wys daarop dat net die tekste wat vir die verkondiging van die evangelie is, aangehaal is, maar dat dié wat daarteen is, nagelaat is. Hy verwys dan na Spreuke 9 : 7 en 8 en Matteus 7 : 6 en sê dat in hierdie saak volgens 1 Korintiërs 10 : 31 gehandel moet word. Ds. Cachet weerlê dan wat Venter beweer en wys daarop dat die tekste wat hy aangehaal het nie teen die verkondiging van die evangelie is nie. Mens moet Skrif met Skrif vergelyk. Hy lees dan Spreuke 19 : 25 (Notule Kerkraad Burgersdorp, 25 Nov. 1870, art. 13. BD 1/2).

Ds. Venter verduidelik sy aanhaling van bogemelde tekste soos volg: "Wanneer men Gods Woord aan alle volken selfs aan degenen die het Evangelie met opzet halsstarrig verwerpen, verkondigt en hen hetzelve met geweld opdringen. Hierbij verklaart z Eerw openlijk, dat zoo hij in zijn hart geroepen zou gevoelen, hij dadelijk, hoe lief zijn gemeente en betrekkingen hem ook mogen zijn, het Evangelie aan de Heidenen zal gaan verkondigen." (Notule kerkraad Burgersdorp, 25 November 1870, art 13. BD 1/2.)

Cachet beroep hom heeltemal tereg op die Skrif en Venter op die praktyk, soos hy dit in Bethulie met sy eie oë aanskou het. Van der Vyver se weergawe van hierdie polemiek, naamlik dat Venter met haatlike antipatie teen Postma vervul was en na hom as 'n "hond" en "vark" verwys het, strook nie met die feite nie (Van der Vyver, 1959: 407-408). Hy het Matteus 7 : 6 van toepassing gemaak op die geletterde produkte van die skole van sommige genootskappe wat 'n ergerlike lewe gelei het. Net jammer dat hy veralgemeen het.

DS. CACHET VERDEDIG DIE GEREFORMEERDE KERKE INSAKE DIE SENDING

Nadat ds. M.P.A. Coetsee jr. die Gereformeerde Kerk bedank het en by die Nederduits Gereformeerde Kerk aangesluit het, het hy 'n boekie gepubliseer: "Mijne overkomst tot de Nederd. Geref. Kerk in Zuid-Afrika verklaard." Hy noem as een van sy redes vir die stap dat hy in die Gereformeerde Kerke weinig liefde vir die sending gevind het. Ds. Cachet maak in De Maandbode van April 1893 "Eenige Opmerkingen" oor die boekie. Hy verwerp hierdie aanklag. Hy wys daarop dat hy dikwels self as predikant van Burgersdorp vir heidene dienste gehou het en so ook ander. Hy toon aan dat die Gereformeerde Kerke klein is en hul hande met eie sake vol het. Die gemeentes is klein en kan slegs met groot kraginspanning in hul eie behoeftes voorsien "en daar bij ons nog altyd vrees bestaat om gebruik te maken van de nieuwe middelen om te kollektieren zooals bazaars, eetmalen, schijfschieten, toneelvertoningen enz. is die taak niet gemakkelijk". Voorts toon hy aan dat die Gereformeerde Kerke sedert jare moes voorsien in die behoeftes van die Dorslandtrekkers. Bowendien was daar ook nog altyd 'n tekort aan evangeliedienenaars. Alhoewel daar 'n jaar of dertig tevore weinig sendingywer by ons lidmate was, is daar in dié oepsig veel verandering.

Lojaal soos ds. Cachet teenoor sy kerk was, het hy na binne altyd 'n ge-

tuienis laat uitgaan ter bevordering van die sendingssaak en na buite weer verdedigend opgetree. Hy was bewus daarvan dat daar destyds haas onoorkomelike struikelblokke was om 'n sendingaksie van stapel te stuur.

CACHET EN DIE SENDING TYDENS DIE ANGLO-BOERE-OORLOG

In *De Heraut* van 8 April 1900 verskyn 'n brief van prof. Cachet waarin hy 'n beroep op die Nederlandse lezers doen om hulp vir die sendingwerk in Humpata. Hy vra vir 1 000 gulde, maar binne 'n paar weke word aangekondig dat bykans dubbel die bedrag ontvang is.

In *De Heraut* van 24 Junie verskyn 'n dankbrief van prof. Cachet waarin hy sê: "Die druk is hier so hoog en die waters is aan die lippe, maar die liefde van die ou vaderland verkwik die siel."

So is br. Biewenga gedurende die oorlogsjare vanuit Nederland geldelik gehelp om sy werk as oefenaar voort te sit (Jooste, 1974:106).

'n Mens kan aanneem dat daar ook in sy teologiese klasse invloed op sy studente uitgegaan het. Daarom vind ons dat predikante wat onder hom gestudeer het almal positief ingestel was ten opsigte van die sending. Van hulle het daar weer groot invloed op die gemeentes uitgegaan. 'n Mens dink aan figure soos dr. J.D. du Toit (Totius), ds. Willem Postma (dr. O'Kulis), ds. W.J. de Klerk, dr. P.C. Snyman, prof. J.A. du Plessis (die vader van ds. Hugo du Plessis) en ds. D. Postma van Burgersdorp, wat almal in hulle lewe baie vir die sending gedoen het.

Daar het nie alleen groot invloed van hom vir die Calvinisme in die algemeen uitgegaan nie, maar ook vir die sending in sy eie kerk. Daarom kan hy vandag geer word as een van die ware groot figure in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

BIBLIOGRAFIE

- Crafford, DC. 1982. *Aan God die Dank*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Jooste, JP. 1985. *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in SA 1859 – 1959*. Potchefstroom: Pro Rege.
Ras, JL. 1981. *Jan Lion Cachet as Kerkman*. Kimberley.
Spoelstra, B. 1963. *Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760 - 1899*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.
_____. 1969. (*In Floor, L. (red.) Die saailand is die wérelد*. Jubileumuitgawe, die Hammanskraalse Teologiese Skool: Craft Pers.)
Van der Vyver, GCP. 1958. *Professor Dirk Postma*. Potchefstroom: Pro Rege.
1969. *My Erfenis is vir my mooi*. (Gedenkboek by die Eeu fees van die Teologiese Skool van die GKSA). Potchefstroom.
Venter, DG. 1959. *Jan Lion Cachet. In Die Gereformeerde Kerk in SA*. Potchefstroom.
Handelinge Generale Sinode GKSA 1873.
Die Kerkalmanak, 1929.
Notule Kerkraad Burgersdorp, 25 November 1870. BD 1/2.
De Maandbode: Oktober 1874; Januarie 1875; Februarie 1875; Maart 1875; Maart 1876;
Januarie 1877; Junie 1877; April 1878; Augustus 1878; Oktober 1879; Junie 1880;
April 1893; Desember 1893; April 1894.